

**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap

# Families en Gebed

Eenkeer, toe ek langs my pa se bed gesit het, het hy oor sy kinderjare gepraat. Hy het gepraat oor sy ouers se liefde, deur moeilike tye en die liefde van Hemelse Vader en die Verlosser. Ek het geweet dat hy aan sterwe lê met kanker, en dus het dit my nie verbaas dat sy gevoelens vir sy Hemelse Vader, by tye deurmekaar geraak het met die liefde en goedhartigheid van sy aardse vader nie. My vader het telkemale gesê dat wanneer hy bid hy altyd gedink het dat hy Hemelse Vader se glimlag in sy gedagtes kon sien.

Sy ouers het hom deur hulle voorbeeld geleer om te bid as of hy met God praat en dat God hom in liefde sou antwoord. Hy het daardie voorbeeld tot die einde nodig gehad. Wanneer die pyn te erg geword het, het ons hom soggens langs sy bed op sy knieë gevind. Hy was te swak om self terug in die bed te klim. Hy het vir ons gesê dat hy gebid het om aan Hemelse Vader te vra, hoekom hy soveel moet verduur, as hy dan altyd sy bes probeer het om goed te wees. Hy het gesê dat 'n sagte antwoord aan hom gekom het: "God het dapper seuns nodig."

En so het hy tot aan die einde voortgeduur, vertrouend dat God hom lief het, na hom luister, en hom sou oplig. Hy was geseënd om vroeg te leer, en om nooit te vergeet, dat 'n liefdevolle God net so naby is as 'n gebed.

Dit is hoekom die Here ouers geleer het, "En hulle moet ook hulle kinders leer om te bid, en opreg te wandel voor die Here" (L&V 68:28).

Die evangelie van Jesus Christus is weer herstel—met die Boek van Mormon en al die priesterskap sleutels wat families kan verbind—omdat Joseph Smith as 'n seun in geloof gebid het. Hy het daardie geloof verkry in 'n liefdevolle en gelowige familie.

Twintig jaar gelede het die Here aan families die volgende raad gegee, in "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" vanaf die Eerste Presidentskap en die Kworum van die Twaalf Apostels: "Suksesvolle huwelike en families word gevestig op en onderhou deur beginsels van geloof, gebed, berou, vergifnis, respek, liefde, medeleie, werk, en heilsame tydverdryf."[1]

Ons is 'n oorweldigende skuld van dankbaarheid, aan die familie van Joseph Smith die Profeet verskuldig, vir sy opvoeding. Sy familie was nie net voorbeelde van geloof en gebed nie, maar ook berou, vergifnis, respek, liefde, medeleie, werk, en heilsame tydverdryf.

Jou nageslagte mag jou geseënd noem vir jou voorbeeld van gebed in jou familie. Jy mag dalk nie 'n magtige dienskneg van God verwek nie, maar jy kan deur jou gebede en voorbeeld van getrouheid, die Here Jesus Christus help om goeie en geliefde dissipels te kweek.

Van al die dinge wat jy mag kies om te doen om die Here te help, sal gebed altyd in die hart daarvan staan. Daar is blykbaar gewone mense wie, wanneer hulle bid, ander inspireer om hulle oë oop te maak om te sien wie teenwoordig mag wees. Jy kan so 'n persoon word.

Dink wat dit kan beteken aan diegene wie saam met jou, in familie gebed kniel. As hulle voel dat jy tot God in geloof bid, sal hulle geloof ook versterk word om met God te praat. Wanneer jy bid om God te dank vir seëninge

wat hulle weet gekom het, sal hulle geloof dat God hulle lief het groei en dat Hy jou gebede beantwoord en hulle gebede ook sal beantwoord. Dit kan slegs in familie gebed gebeur, wanneer jy self daardie ondervinding keer op keer in jou private gebede erfaar het.

Ek word steeds deur ŉ vader en ŉ moeder geseën, wie met God gepraat het. Hul voorbeeld van die krag van gebed in families, seën nog steeds die geslagte wat na hulle gekom het.

My kinders en kleinkinders, word steeds elke dag geseën deur die voorbeeld van my ouers. Die geloof, dat ŉ liefdevolle God hul gebede hoor en beantwoord, is aan hulle oorgedra. Jy kan so ŉ nalatenskap in jou familie skep. Ek bid dat julle sal.

**NOTA**

1. "Die Familie:'n Aankondiging aan die Wêreld," *Liahona,* Nov. 2010, 129.

### VIER DIE 20STE HERDENKING VAN DIE AANKONDIGING OOR DIE FAMILIE

"Die Familie: ŉ Aankondiging aan die Wêreld" leer ons beginsels wat vandag, net so tydig is as wat dit was toe dit die eerste keer, op 23 September, 1995, voorgelê is. Dink daar aan om die families wat jy besoek, uit te nooi om die aankondiging se 20ste herdenking te vier deur:

1. Beginsels te lys wat spesiale betekenis vir hulle het. (Sien hoe President Eyring dit, met gebed in die voorgaande boodskap, gedoen het.)
2. Bespreek hoe elke beginsel hulle vandag en in die toekoms kan seën.
3. Stel spesifieke doelwitte, wat hierdie beginsels deel van hul daaglikse lewens kan maak, en hoe om dit met andere te deel.

## JEUG

### Werk aan Gebed

President Eyring leer dat jou familie geseën kan word, deur jou sterk verhouding met Hemelse Vader. Jy kan jou verhouding met Hemelse Vader verbeter deur jou gebede te verbeter! Hier volg ŉ paar idees oor hoe om dit te doen:

Voor jy jou gebed begin, neem ŉ paar minute, om te dink oor wat jy wil sê. Oorweeg vrae wat jy dalk mag hê of dinge wat jou pla—jy kan dit selfs neerskryf, sodat jy dit nie vergeet nie. Gebruik hierdie tyd om jou gedagtes skoon te maak van die warboel van die dag, sodat jy kan fokus op die sagte indrukke van die Heilige Gees. Indien jou gedagtes tydens gebed begin dwaal, probeer om Hemelse Vader voor te stel, waar Hy besig is om na jou te luister. Wees spesifiek. Vêrder, laat ŉ paar minute aan die einde van die gebed, om te luister na die indrukke van die Gees. Jy kan dalk jou indrukke, in jou dagboek aanteken.

Onthou dat gebed ŉ tipe werk is, so, hou moed as dit ŉ bietjie oefening verg, of as dit moeilik voel! Jou volharding in gebed, kan jou help om ŉ verhouding met God te bou, wat toekomende geslagte, sal seën.

## KINDERS

### ŉ Gebed Aanmaning

President Eyring leer ons dat dit belangrik is, om saam met ons familie te bid. Jy kan ŉ voorbeeld aan jou familie wees, deur elke dag te bid. Jy kan jou familie ook herhinner, om elke dag saam te bid. Onthou hierdie aanhaling uit ŉ ander praatjie deur President Eyring: "Hemelse Vader hoor jou gebede. Hy is lief vir jou. Hy ken jou naam" ("Aanhoudende Openbaring," *Liahona,* Nov. 2014, 73). Skryf hierdie aanhaling neer op ŉ kaartjie of ŉ stuk papier en plaas dit iewers waar jou hele familie dit sal sien. Op hierdie manier kan jy altyd onthou, dat Hemelse Vader van jou wil hoor!

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van *First Presidency Message, September 2015*. Afrikaans. 12589 501

# Godelikke Eienskappe van Jesus Christus: Almagtig en Vol Glorie

**Geloof, Familie, Verligting**

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet, wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën, oor wie jy as vroue besoeker waak? Vir meer inligting, gaan na **reliefsociety.lds.org**.*

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat eienskappe van die Verlosser bevat.*

Ons leer uit die geskrifte, dat Jesus Christus "alle mag, beide in die hemel en op die aarde ontvang[het], en die heerlikheid van die Vader was met Hom" (L&V 93:17). Ouderling M. Russell Ballard van die Kworum van die Twaalf Appostels het gesê dat dit deur middel van hierdie krag is, wat ons Verlosser die hemele en aarde geskape het, wonderwerke verrig het, en die pyn van Getsémané en Golgota verdra het.[1] Soos wat ons dit begin verstaan, sal ons geloof in Christus vermeerder, en sal ons sterker word.

Soos wat ons tempel verbonde maak en onderhou, sal die Here ons met Sy krag seën. Linda K. Burton, Verligting Vereeniging algemene president, het gesê: "Om ons verbonde te onderhou, sal ons versterk, in staat stel, en beskerm. . . . Ek het onlangs 'n liewe nuwe vriend ontmoed. Sy het getuig dat nadat sy haar tempel begiftiging ontvang het, het sy versterk gevoel met krag om versoekinge, te weerstaan."[2]

Nefi getuig van die verbondskrag: "Ek, Nefi, het die krag van die Lam van God gesien, dat dit neergedaal het . . . op die verbondsvolk van die Here, . . . en hulle was bewapen met geregtigheid, en met die krag van God in groot heerlikheid. (1 Nefi 14:14).

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Jeremia 51:15; Openbaringe 1:6; Jakob 4:6–7; Mosia 3:17

### *Uit die Skrifture*

Gevul met groot medeleie vir Martha en Maria, het Jesus Christus hulle broer Lasarus, uit die dode opgewek, deur die krag van God wat Hy besit het.

Jesus het by Martha en Maria se huis opgedaag, nadat Lasarus al vier dae lank in die graf gelê het. Hulle het na Lasarus se grafkelder gegaan, en Jesus het hulle beveel om die klip voor die ingang weg te neem. Jesus het aan Martha gesê, "Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?" Hy het toe aan God die Vader gebid en "met 'n groot stem geroep: Lasarus, kom uit!

En die oorledene het uitgekom, aan hande en voete met grafdoeke gebind." (Sien Johannes 11:1–45.) Die Verlosser gebruik Sy krag om ons te verlos, en om aan ons krag te gee. Ons geloof in Hom sal vermeerder, soos ons onthou dat Hy almagtig en vol heerlikheid is.

**NOTAS**

1. Sien M. Russell Ballard, "Dit is My Werk en My Heerlikheid," *Liahona,* Mei 2013, 18.
2. Linda K. Burton, "Die Krag, en Vreugde, en Liefde van die Behoud van Verbonde" *Liahona,* Nov. 2013, 111.

### *Ter Oorweging*

Hoe kan die krag van God ons bewapen met krag en heerlikheid?

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van *Visiting Teaching Message, September 2015.* Afrikaans. 12589 501